Beste kliënt,

Die afgelope paar maande en spesifiek die laaste paar dae het veldbrande regoor die Noord-Kaap en dele van die Vrystaat verwoesting gesaai.

Ons staan in verwondering oor die boere en gemeenskappe wat soos een man saamgetrek het om vreesloos teen die vure te veg, en dit steeds doen. Binne oomblikke het mense saamgestaan nie net om die vure te blus nie, maar om hulp in die vorm van onder meer kos en medisyne op die plekke en by mense te kry wat vure beveg en wat die ergste deur die brande geraak is.

Ons het reeds van verskeie inisiatiewe regoor die area gehoor wat hierdie ondersteuning bied en ons bedank elkeen wat so vinnig ingegryp het om werklik 'n verskil te maak.

GWK se *Net 'n druppel*-projek is ook in die stadium besig om hulp aan boere en gemeenskappe te verleen in samewerking met en deur koördinering van Agri Noord-Kaap. Dié projek maak dit moontlik vir enigiemand om 'n finansiële bydrae te maak vir die verdere uitrol van hulp na areas waar dit die nodigste is.

Bydraes kan gemaak word tot die *Net 'n druppel*-rekening, waar jy ook kan aandui na watter dorp jou donasie gekanaliseer moet word.

***Net 'n druppel*-rekeningbesonderhede:**

Standard Bank
Rekeningnommer: 242 245 099
Verwysing: BRANDE en naam van dorp

Kyk uit vir 'n kommunikasie waar ons binnekort meer deel oor die hulp wat in samewerking met Agri NK aan die verskillende areas verleen sal word.

Vir meer inligting stuur 'n e-pos na druppel@gwk.co.za.

Groete,
GWK *Net 'n druppel*-span

net 'n druppel

GWK
innoveer landbou